**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 3 5 | 8 1 0 9 2 8 2 7 1 | 329 | 12728 |

82 9. 28.

BEELD Jg. 7 Nr. P. 1 Dat.

# Terreur bekyk ná bom by brug

Van Ons Korrespondent

KAAPSTAD. – Die moontlikheid van sabotasie word op hoë vlak ondersoek nadat 'n groot hoeveelheid plofstof naby Upington onder 'n treinbrug oor die Olifantsrivier gekry was, het brig. J.M. Gilbert, bevelvoerder van die Spoorwegpolisie in Windhoek, gister gesê.

Hy sê die spoorlyn is gesluit nadat die plofstof Vrydagoggend vroeg ontdek was. Dit is deur plofstofkundiges verwyder en geen skade is aan die brug aangerig nie. Nadat toetse gedoen was, is die verkeer weer toegelaat om normaal te vloei.

Brig. Gilbert wou geen besonderhede bekend maak nie.

● Die brug oor die Olifantsrivier tussen Vredendal en Lutzville, waar 'n goederetrein vol erts Vrydagmiddag ontspoor het, sal na verwagting vandag weer oopgestel word.

Skade van honderde duisende rand is aangerig deurdat 22 trokke met sowat 1 700 ton ystererts, wat op pad was na Saldanha, op die brug ontspoor en sowat 60 m na benede gestort het, het 'n woordvoerder van die Departement van Vervoerdienste in Johannesburg gisteraand aan Beeld gesê.

Die twee masjiniste, die lokomotief en sewentig trokke het ongedeerd op die brug agtergebly.

'n Werkspan van sowat 150 mense het Vrydagaand na die ongelukstoneel vertrek om met die herstelwerk te begin.

TREFWOORDE

1 Polisie
2 Ondersoeke
3 Sabotasie
4 plofstowwe
5 Spoorlyne
6 Upington
7
8
9
10